**Woensdag 6 Desember**
**Skrifgedeelte: Matteus 2:13-23**
**Fokusgedeelte: Matteus 2:15, 18, 23**
**Jesus, die Vervuller van die Skrifte**

In hierdie gedeelte kry ons drie keer die aanhaling dat dit wat met Jesus gebeur het, die vervulling van die Skrifte was. Ons teksverse wys dit duidelik vir ons.

Die eerste aanhaling kom uit Hosea 11:1 waar daar verwys word hoedat die Here die volk uit Egipte gelei het toe Hy hulle verlos het. Hier moes Josef vir Maria en Jesus Egipte toe vat sodat hulle die wrede vervolging van Herodes kon vryspring, omdat hy Jesus wou doodmaak. Jesus sou uiteindelik die Verlosser van God se volk word. Hy het die pad van sy voorvaders geloop deurdat Hy uit Egipte gekom het, nie as verloste nie maar om self die verlossing uiteindelik vir sy kinders te bring.

Die tweede aanhaling kom uit Jeremia 31:5, en word hier gebruik waar Herodes al die seuntjies van twee jaar en jonger laat doodmaak het. In Jeremia het dit verwys na die hartseer wat Juda beleef het, die tweestammeryk, toe die tienstammeryk weggevoer is in ballingskap deur die Assiriërs. Dit is egter hierdie einste Jesus wat gekom het om die trane weg te neem en dié te vertroos wat hartseer is, veral ten opsigte van hulle sondebesef. Die Here bewerk versoening tussen God en sy kinders, en daarom vreugde en blydskap as gevolg van die verlossing deur Hom geskenk.

Die derde aanhaling is interessant, omdat daar nie een spesifieke teks is in die Ou Testament wat hierna verwys nie. Die woord vir Nasaret hou verband met die woord vir takkie. Ons lees hiervan in Jesaja 11:1, waar verwys word van die tak uit die stomp van Isai. Josef-hulle het in Nasaret gaan bly, in die landstreek Galilea. Dit was moeilik vir die Fariseërs en Skrifgeleerdes om te aanvaar dat daar ’n profeet uit daardie landstreek sou kon kom. Johannes 7:42 en 52 wys duidelik die verwerping van die gedagte dat iemand daarvandaan as profeet sou kon kom. Die woord het die betekenis van iemand of iets wat niksseggend is. Hulle was as laer klas beskou in vergelyking met dié uit Judea. Tog het hulle nie besef dat Jesus in Betlehem gebore is nie, soos hulle verwag het. Jesus word op hierdie manier verwerp en verneder, sodat Hy uiteindelik ware verlossing kon bring en sodoende die Skrifte vervul wat oor Hom geskryf is.

*Sing: Psalm 98-1:1*
*Ds. N Boy (Neville) (Thabazimbi)*